Afrikaans

Toets 1 Punte: 30 Tyd: 60 minutes

By die veearts

Op 'n dag kom Jodi by die huis na skool. Sy soek haar kat, Marmelade. Sy kyk in Marmelade se mandjie, in die kombuis en op al Marmelade se gewone wegkruipplekke. Uiteindelik vra sy haar pa om te help soek. Hulle kry haar onder die tafel in die eetkamer. Sy lê net en lyk baie treurig. Arme Marmelade lyk baie siek. Jodi en haar pa sit Marmelade in haar drahokkie. Hulle klim in die motor en ry veearts toe. Daar sien hulle die veearts is baie besig. Daar wag honde, katte en selfs 'n hamster om haar te sien. Sy ondersoek Marmelade en sien die arme kat het van Jodi se gunsteling kougom ingesluk! Ai tog, Marmelade!



1. Onderstreep die regte woord. **(1)**

Jodi het van die | kerk | | park | | skool | | winkels | af gekom.

2. Voltooi die sin. **(1)**

Sy het haar kat, _____, gesoek.

3. Omkring die verkeerde antwoord. **(1)**

Jodi het Marmelade in _____ gesoek:

die kombuis

die motorhuis

haar mandjie

haar gewone wegkruipplekke

4. Hoekom het Marmelade onder die tafel gelê? **(1)**

_____

5. Rangskik hierdie sinne in die regte volgorde. Nommer hulle van 1 tot 4. **(2)**

Jodi het Marmelade onder die tafel gekry. ☐

Hulle het by die veearts aangekom. ☐

Jodi het na skool by die huis gekom. ☐

Hulle het in die motor geklim. ☐

6. Pas die woorde wat rym. **(2)**

vat	kool
skool	kombuis
huis	fliek
siek	nat

7. Skryf die sinne oor en vul die regte leestekens in. Jy moet hoofletters, punte en vraagtekens invul. (2)

7.1 Waar het hulle marmelade gekry

_____

7.2 hulle het Marmelade veearts toe geneem

_____

8. Noem die diere wat Jodi by die veearts gesien het. (2)

_____

9. Omkring die regte antwoord. (1)

Marmelade was siek, want sy het _____ ingesluk:

'n muis

melk

kougom

'n vis

10. Wat is die teenoorgestelde van die volgende? (2)

10.1 treurig _____

10.2 siek _____

11. Skryf twee woorde wat rym met hierdie woorde. (2)

11.1 kat _____ _____

11.2 ry _____ _____

12. Gebruik hierdie woorde in jou eie sinne. **(2)**

12.1 besig

_____

_____

12.2 gunsteling

_____

_____

13. Soek 'n woord in die storie wat rym met slim. **(1)**

_____

14. Was die veearts baie besig? **(1)**

_____

15. Kyk na die prentjies en vul die middelklanke in. **(2)**

15.1 h_____d

15.2 b_____d

15.3 s_____s

15.4 p_____t 

16. Skryf die sinne met die regte leestekens oor. **(2)**

16.1 moes die veearts dinsdag 'n kat 'n hond en 'n hamster sien

16.2 Jodi kry marmelade nie in die huis nie

17. Skryf die sin oor en vul die regte spasies in. **(1)**

WoensdaghetMarmeladebaiesiekgevoel.

18. Skryf die regte hoofletters langs die kleinletters. **(2)**

18.1 d _____ 18.2 f _____

18.3 g _____ 18.4 r _____

19. Skryf die woorde netjies op die lyntjies oor. **(2)**

19.1 son

19.2 vet

19.3 rug

19.4 mat